

30 Oktober

Efesiërs 1:15-23 (1:19-20)

God werk 'n ongekende krag in ons wat glo

Wanneer 'n mens aan iets gewoon geraak het aanvaar 'n mens dit later somer as vanselfsprekend. Dit kan ook gebeur en dit gebeur wel ook met Christenskap. Omdat ons al die soveelste geslag Christene is, in die verbond gebore is, in Christen-huise grootgeword het, raak 'n mens gewoon aan Christenwees. Bybellees, bid en eredienste bywoon is later iets vanselfsprekend. Teen hierdie kanker moet ons stry. As ons Christenskap as iets vanselfsprekend begin aanvaar, verflou die vonk van die nuwe lewe wat Christus se sterwe aan die kruis vir ons gebring het. Dan raak geloof maklik 'n saak net van die verstand en raak die hart daarvan verlore. Mag die Heilige Gees ons geestesoë verhelder. Mag Hy in ons verstand en hart, in ons hele wese, die nuwe lewe aanblaas. Dan sal ons opnuut besef watter krag God in ons wat glo werk. Dit is dieselfde krag wat Hy gebruik het om lewe in die dooie liggaam van Christus te wek; dieselfde krag waarmee Hy die aarde oopgeskeur, die graf geopen het; dieselfde krag waarmee Hy Christus opgehef het tot in die hemele aan sy regterhand.

Hierdie einste krag werk God nou en aanhoudend in jou. Deur hierdie krag word jy in staat gestel om in God te glo. Hierdie krag stel jou in staat om te verlang na die onvervalste Woord van God. Hierdie krag wek in jou die begeerte om jou God en Vader al beter te leer ken.

As 'n mens besef dat God nie somer 'n geringe krag in ons werk nie, dan kan en mag Christen-wees nie meer iets as vanselfsprekend aanvaar word nie. Gaan ons nou net kennis neem van hierdie krag? Of gaan ons die werklikheid van Christus se opstanding en hemelvaart sigbaar, hoorbaar en voelbaar laat wees in ons daaglikse lewe?

Sing: Skrifberyming 38:2, 3

Ds. C.C.A. Vrey (Venterstad)